

Maleagi:

Ek het julle lief! Waar is My eer?

Is jy
nog verbaas (verwonderd)
oor HERE se liefde?



IS JY NOG VERBAAS OOR HERE SE LIEFDE?

Liewe broer, liewe suster

Is jy nog verbaas ... verwonderd ... oor die Here se liefde vir jou?

- Ja, maak dit jou nog sprakeloos ... dat die Here juis JOU liefhet ... dat Hy Jesus juis vir JOU aan die kruis laat sterf het?
- Of ... of is Jesus ... en sy opofferende liefde vir jou eintlik vanselfsprekend ... dis maar net hoe dit is en hoe dit moet wees?

Dis die vraag vanoggend, geliefdes:

Is jy nog verbaas ... verwonderd ... oor die Here se liefde vir jou?

HERE HERINNER SY KINDERS AAN SY EWIGE LIEFDE!

As jy die Bybel van voor tot agter lees ... is die boekie Maleagi die laaste boekie in die Ou Testament:

- Dis dus die laaste keer wat die Here ... voor Jesus ... met sy kinders praat.
- Dis die laaste keer wat die Here vir sy kinders se harte baklei.
- In ons besig wees met die boek Maleagi, geliefdes, is dit dus belangrik dat ons voortdurend sal besef:

Maleagi is net sy boodskapper.

Dis die Here self wat hier aan die gesels is.

En Hy praat met sy volk, met Israel, omdat Hy hulle terug wil hê by Hom!

En ja, dis opvallend dat die Here juis met **Israel** praat:

- Want eintlik is dit net 'n klein deeltjie van Israel met wie die Here praat.
 - Die grootste deel van Israel het jare terug al verdwyn ... toe Assirië die tien stamme in ballingskap weggevat het.
 - Selfs van Juda en Benjamin het min mense uit ballingskap teruggekom.
- Maar tog noem die Here hierdie klein groepie mense Israel ... SY volk ...
 - omdat HY met hulle 'n pad stap ...
 - omdat HY hulle toekoms bepaal ...

- omdat HY nie van HULLE getalle afhanklik is nie.

Ja, die HERE kan met SY Israel 'n pad bly stap ... omdat HY wil!

Nou praat die Here met mense wat uit die ballingskap teruggekom het:

- Hulle het al baie van die Here se genade beleef:
 - Hulle het ervaar wat dit beteken om verlos, bevry, te word.
 - Hulle huise is al herbou.
 - Die tempel is al herbou.
 - En hulle kon weer begin aangaan met hul lewe.
- Maar nou is die groot hartseer in hierdie aangaan met hul lewe ... dat hulle die Here al weer begin eenkant skuif het:
 - Hul eie beursies was belangriker as hul offers vir die Here.
 - Hul eie liefdeslewe was belangriker as die Here se wil.
 - Die Here was maar net 'n nagedagte in hul lewe ...

Dis hoekom die Here nou deur Maleagi met sy kinders praat:

Hy worstel om hulle harte.

Dis hoekom die Here ook op so 'n besondere manier met sy kinders gesels:

- Want as jy deur die boek Maleagi lees, kom jy agter dat die Here voortdurend ietsie vir hulle sê ... en dan vertel hoe hulle terug reageer ... en dan weer sy antwoord vir hulle gee.
- Ja, kyk net na die verse wat ons vandag gelees het:

“Ek het julle lief,” sê die Here

Maar julle vra: “Hoe het U ons lief?”

Die uitspraak van die Here is: “Is Esau nie Jakob se broer nie?”

- Dis 'n voortdurende heen-en-weer gesels, worsteling met sy kinders:

Die Here sê ... julle vra ... die Here sê ...

Nou is dit opvallend ... en aangrypend ... hoe die Here HEEL EERSTE sê:

Ek het julle lief!

- In die Hebreeus is dit een woordjie wat HEEL EERSTE staan:

Ahabti ... Ek het julle lief.

- Nié ... *My kinders, hoe kon julle ... nie.*
- Nié ... *My kinders, julle beter nou ... nie.*
- Néé ...

Ek het julle lief!

- Dis asof die Here 'n film vir ons wys ... en die heel eerste toneel is:
Jesus wat aan die kruis hang en vir ons sondes sterf.
- Dis die prentjie wat die Here as't ware in ons gedagtes wil ingraveer, geliefdes.
- Dis die woorde wat jy weer en weer en weer moet hoor ... altyd weer:

Ek het julle lief!

Wat sê die Here hiermee?

Hy sê vir sy kinders:

- Ek leef saam met julle ...
- Ek leef in 'n verhouding met julle ...
- Ek het baie, baie jare terug julle gekies om MY volk te wees.
- Ek het julle Oupa-grootjie, Abram, daar in die vreemde gaan haal ... sonder dat hy my geken het, sonder dat hy iets vir my gedoen het.
- En Ek het vir hom gesê:

Ek is God die Almagtige.

Lewe naby My en wees opreg!

- Ook het Ek vir Hom gesê:

Ek wil jou God wees en die God van jou nageslag.

- En dis hoekom ek ook vir Isak en vir Jakob en vir Josef gesê het:

Ek is julle God ... julle is my volk.

- Dis hoekom Ek vir julle voorouers, net voordat hulle in die beloofde land ingetrek het, so duidelik gesê het:

Ek, die Here, het jou nie liefgekry en gekies

*omdat jy groter was as die ander volke nie,
jy was die kleinste van almal.*

- Ja, julle is my volk, my kinders, MYNE, omdat EK julle MYNE gemaak het!
- Julle het dit nie verdien nie ...
- Julle was dit nie werd nie ...
- En julle is dit steeds nie werd nie ...
- Maar ... EK het julle gekies ... MYNE gemaak ... omdat EK WOU, omdat EK VIR JULLE LIEF IS!

So, geliefdes, herinner die Here sy kinders aan sy ewige liefde vir hulle!

Dis die vertrekpunt ...

Dis waar alles begin en waar alles stop in hul saamwees ...

Ek het julle lief!

Onthou dit ... altyd ... heel eerste:

Ek het julle lief ... sê die Here!

STEEDS BLY ONS VERWONDERD: HOEKOM ONS?

Maar nou is die hartseer dat Israel hierdie liefde van die Here betwyfel, geliefdes:

- Want hulle vra:

Hoe het U ons lief?

- Mens hoor die Here se pyn oor hierdie vraag:

“Ek het julle lief,” sê die Here, maar julle vra: “Hoe het U ons lief?”

- Kan dit waar wees dat Israel die Here se liefde betwyfel?
- Kan dit waar wees dat die Here se kinders vrae het oor die Here se liefde?
- Wel ... dis die werklikheid:

... julle vra: “Hoe het U ons lief?”

Hoe hanteer die Here hierdie hartseer vraag van Israel, geliefdes?

- Dis opmerklik dat die Here nie met hulle begin argumenteer nie.
- Die Here begin nie 'n lys opnoem van alles Hy al vir hulle gedoen het nie:

- Onthou ... Ek het vir Abram en Sarai 'n kindjie gegee.
- Onthou ... Ek het julle voorouers uit Egipte verlos en van Farao gered.
- Onthou ... Ek het hulle veertig jaar lank deur die woestyn heen versorg.
- Onthou ... Ek het vir julle Dawid as Koning gegee.
- Onthou ... Ek was eeue lank geduldig met julle terwyl julle elke keer weer jul eie pad gestap het.
- Onthou ... Ek het julle uit ballingskap laat terugkom en gesorg dat julle die tempel kon herbou.
- Néé, al wat die Here doen is om met hulle oor Esau en Esau se nageslag, Edom, te gesels.

Nou moet ons net 'n oomblik onthou wie Esau is .. wie Edom is:

- Esau is Jakob se ouboet ... die oudste van die tweeling:
 - Esau is dus die kleinseun van Abraham ...
 - Esau is dus deel van Abraham se nageslag ...
 - Esau kon dus net sowel die beginpunt van die Here se volk gewees het.
 - Maar ... dan stap die Here die pad verder ... spesifiek met Jakob.
- Tog bly Esau op die Here se radar:
 - Esau kan saam met sy boetie vir hul pa, Isak, begrawe.
 - Esau kry ook 'n seën van die Here ...
 - Esau en sy kinders kry van die Here spesifieke grond om te bly.
 - Ja, hulle mag in die Seïrberge, net suid van die beloofde land, bly.
 - En Israel mag hulle nie uit daardie gebied wegjaag nie ...
 - Tussen Jakob en Esau ... tussen Israel en Edom is daar dus eintlik nie 'n groot verskil nie.

En tog ... tog lyk Jakob en Esau, Israel en Edom, se paadjies totaal anders:

- Die Here haat vir Esau:
 - Die Here laat Esau die vloek van die verbond beleef.
 - Die Here vernietig Esau omdat hulle so hul eie pad stap.

- Die Here verwoes Esau se woonplek totaal.
- En die Here belowe dat Esau nooit gaan kan herstel nie.
- Selfs al sou Edom probeer om weer hulself op te bou, gaan die Here dit alles net weer platgooi!
- Vir Esau, Edom, is daar geen hoop nie ... niks nie!
- Maar vir Jakob is die Here lief:
 - Israel mag keer-op-keer die seën van die verbond beleef.
 - Al stap Israel hul eie pad, vernietig die Here hulle nie.
 - Hulle gaan in ballingskap, maar word tog weer verlos.
 - En elke keer weer herstel die Here sy volk.
 - Elke keer weer sorg die Here dat sy volk opstaan, weer lewe, weer bloei.
 - Vir Jakob, Israel, is daar hoop ... altyd weer!

Dis 'n enorme verskil ... wat die Here se kinders juis moet raaksien!

En hoekom hierdie verskil?

Omdat Jakob en Israel ouliker was, soeter was?

- Beslis nie!
- Want ja, Esau was ook nie 'n engeltjie nie:
 - Esau het vir Jakob gehaat het na die seën-storie ...
 - Esau was daarop uit om sy boetie dood te maak.
 - En Esau se kinders, Edom, het geweldig drooggemaak.
 - Hulle het vir Israel gelag en gespot het toe dié in ballingskap gegee het!
- Maar ...
 - Wie was dit wat sy broer uitgebuit het met 'n pot lensiesop?
 - Wie was dit wat sy broer uit sy eersgebore-seun-seën bedrieg het?
 - Wie was dit wat vir eeue hul eie pad gestap het ... weg van die Here af?
 - Wie was dit wat selfs nou weer, na die ballingskap se genade, tog net hul eie ding gedoen het?
- Dit was Jakob ...
- Dit was Israel ...

- En tog mag Jakob met hoop leef.
- Tog word Israel nie soos Edom vernietig nie!
- Hoekom?

NET omdat die Here vir Jakob, vir Israel, lief was!

Dis wat die Here wil hê Israel hier moet besef ... eintlik moet vra:

Hoekom hanteer die Here ons so anders as al die ander mense?

Hoekom kan ons met hoop bly leef ... so anders as al die ander mense?

Hoekom het ons tog nog altyd weer 'n toekoms ... so anders as die ander?

Daar is net EEN antwoord:

Die Here het ons lief!

Sien jy wat die Here hier wil bereik, geliefdes?

Hy wil dat sy kinders verwonderd sal wees oor die feit dat Hy hulle liefhet!

- Hoekom EK?
- Hoekom het die Here MY lief?
- Hoekom is die Here geduldig met MY?

Ja, broer en suster:

*Die Here wil ons verwonderd maak, opgewonde-verbaas, verstom ...
oor die werklikheid dat Hy ons liefhet!*

- Dink net wat met jou en my sou gebeur het as die Here nie lief was vir ons nie!
- Dink net hoe hooploos jou en my lewe sou wees ...
- Dink net hoe die Here jou en my sou moes verpletter met al ons sonde en hardkoppigheid en liefdeloosheid en eiewilligheid ...
- Maar die Here doen dit nie ...
- Hy laat jou en my lewe ...
- Hy gee ons die ewige lewe ...
- Hy gee ons sy Seun en sy Gees ...
- Alles net ... omdat Hy jou en my liefhet!

Bly tog voortdurend verwonderd oor hierdie een genade-werklikheid:

Ek het jou lief, sê die Here!

LEEF DAAROM ALTYD EERBIEDIG VOOR DIE HERE!

Nou bly een vraag oor, geliefdes:

Wat wil die Here met hierdie eerste gesprek bereik?

Dan moet mens eerlik wees:

Die Here wil Israel waarsku!

- Ja, Israel aanvaar sy liefde as so vanselfsprekend.
- En daarom is hul diens aan die Here so halfhartig.
- Daarom is daar hierdie louheid ... hierdie luiheid ... in hul lewe met Here.
- Ja, hulle besig om die Here te dien ... maar so lusteloos!
- Dis hoekom die Here hulle op sy liefde wys:

Hy wil hulle net weer aanvuur ... die smeulende vuurtjie weer aanblaas.

Maar dis ook hoekom die Here hulle op Edom wys ... op Edom se pad en die hooplose einde van Edom se pad:

- Want die *Here se haat* loop saam met die Here se verbond ... sy verbintenis aan mense.
- Ja, die Here se haat is nie 'n eienskap van die Here soos sy liefde nie.
- Née, die Here haat alles en almal wat Hom kant toe skuif.
- Daarom het die Here ook vir Israel van die begin af gewaarsku:

Moenie julle eie ondergang soek deur 'n afgodsbeeld te maak nie.

want ... as julle verkeerd doen en die Here tart ...

sal julle baie gou en baie beslis verdwyn ... uitgeroei word.

- Die Here se haat staan dus gelyk met die vloek van die Here ... met die here se oordeel ... oor hulle wat Hom minag, kant toe skuif!
- En Edom is daarvan die beste bewys:

Edom het ondergegaan en is vernietig ...

omdat hulle hul eie pad gestap het!

Hierteen waarsku die Here sy kinders nou:

- As Edom, wat ook kind van Abram was, platgeslaan kan word ... kan dit ook met hulle gebeur.
- Al wat jou hoop gee, al wat jou 'n toekoms gee ... al wat jou die lewe gee ... is wanneer jy sy liefde opsoek ... uit sy liefde leef.
- Daarvoor is dit nodig dat jy jou bekeer ...

***Ja, die Here wys Israel op sy liefde ...
om hulle te waarsku en so te inkeer te roep!***

Maar daar is nog 'n rede ... en dié kry ons in vers 5:

Met julle eie oë sal julle dit sien en julle sal self erken:

“Die Here is groot buite die grense van Israel.”

- Ja, eers sal Israel die Here se oordeel oor Edom en daarom ook sy liefde vir hulle **raaksien**:
 - Hulle sal sien hoe Edom platgeslaan lê.
 - Hulle sal sien hoe Edom net nie weer kan opstaan nie, net nie weer kan herstel nie.
 - En dan sal hulle na hul eie situasie kyk en besef:

Eintlik moes ons so platgeslaan gewees het.
 - Dan sal hulle besef hoe bevoorreg hulle is dat die Here juis vir hulle sê:

Ek het julle lief!
- Daarom gaan hulle dan erken:

Die Here is groot buite die grense van Israel.

- Ja, die Here is groots.
- Die Here se woede oor goddeloses is groot ... en moes my getref het.
- Maar die Here se liefde is nog groter ... sy onverstaanbare liefde vir my!
- Daarom is die Here soveel meer as ek as mens.
- Hy kan doen wat Hy wil omdat Hy is wie Hy is!

Hy is die Here ... groot ...

bo Israel ... selfs buite Israel se grondgebied.

- Elke knie sal buit en elke tong sal mond sal erken en elke tong sal bely:

Jesus is Here ... tot eer van God die Vader!

***Die Here wys Israel op sy liefde ... en
bring hulle daartoe om Hom te erken!***

Geliefdes:

Hoe verbaas-verwonderd is jy nog oor die Here se liefde?

- Hoor die Here wat keer-op-keer, en finaal in Jesus, sê:

Ek het jou lief!

- Vra vir jouself die vraag af:

Hoekom het die Here juis my lief?

- En staan dan verwonderd wanneer jy besef:

Daar is geen rede hoekom die Here juis vir my lief is nie,

behalwe sy keuse om te sê:

Ek het jou lief!

- Mag die Gees hierdie Woorde van die Here gebruik om ons verwonderd te maak oor die Here en sy liefde.
- Mag die Gees hierdie verwondering dan gebruik om jou en my aan te vuur om nie meer so lusteloos te leef nie.
- Mag die Gees jou en my aanvuur om uit te roep – met ons hele lewe:

Die Here is groot ... bo my lewe ... en bo die hele wêreld!

Kom ons sing Psalm 95 ...